7/9 pages 430. D3.2.1

A.S.B. KONGRES 1985

15 JULIE 1985

DR. F. VAN ZYL SLABBERT LP
LEIER VAN DIE AMPTELIKE OPPOSISIE

1. Die 80er jare sal ook gesien word as die dekade waarin ou toekomsbeelde finaal ter ruste gelê is en nuwe toekomsbeelde moeisaam en pynlik vorm begin aanneem het.

2. 'n Toekomsbeeld is nie 'n voorspelling of noodwendig 'n getroue of betroubare vooruitskatting van wat gaan gebeur nie. Maar dit weerspieël die verwagting en selfs hoop van 'n gedeelte van die bevolking en motiveer hulle optrede. Suid-Afrika gaan op die oomblik deur 'n smeltkroeg van toekomsbeelde - ons herformuleer ons verwagtinge en probeer onsself motiveer vir 'n nuwe en onverwagte toekoms.

3. DIE AMPTELIKE TOEKOMSBEELD

(a) Eerste 5 jaar van 1985 het finaal met die amptelike toekomsbeeld waarmee Suid-Afrika die afgelope 3 dekade moes saamleef, afgereken. Die idee van 'n gesemineerde samelewing waarin tuislande volwaardige onafhanklikheid en erkenning geniet - kortliks, waarin 'n haalbare afsonderlike staatsbestel vir Swart Suid-Afrikaners tot stand gebring kan word - het geen geloofwaardigheid meer nie.

2 / ...

(b) So ook die gedagte van gedwonge skeiding en verpligte groeplidmaatskap. Die herroeping van wetlike maatreëls soos artikel 16 van die Ontugwet, die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en die Wet op Politieke Inmenging, onderstreep net die weerspreking wat vervat is in ander bestaande maatreëls wat vrywillige assosiasie verbied. Uiteindelik word daardie aspek van die Bevolkingsregistrasie Wet wat elke Suid-Afrikaner volgens ras of etnisiteit klassifiseer ook bevraagteken.

(c) Die RGN Verslag is 'n omvattende en verdoemende kommentaar op die amptelike toekomsbeeld waarmee ons die afgelope 30 jaar moes saamleef. Dit sê nie net dat die amptelike beleid verkeerd was nie, maar ook dat dit een van die vernaamste bronne van die huidige spanningssituasie is.

4. <u>DIE SWART DOMINASIE TOEKOMSBEELD</u>

(a) Die teenpool van die amptelike toekomsbeeld was een waarin aanvaar is, dat as afsonderlike ontwikkeling en apartheid nie sou slaag nie, swart oorheersing onvermydelik sou wees.

(b) Ook in militante groepe is gepropageer dat die enigste alternatief vir wit dominasie swart dominasie is.

3/ ...

(c) In sekere kringe is selfs aanvaar dat weens die morele onhoudbaarheid van apartheid swart dominasie nie net onvermydelik is nie, maar ook verkieslik.

(d) Ook hierdie toekomsbeeld is besig om in die slag te bly. Nie slegs is dit makliker gesê as gedaan om te bewerkstellig nie maar toenemend word besef dat as toekomsbeeld dit net so 'n oorvereenvoudiging van die komplekse Suid-Afrikaanse werklikheid is, as die amptelike een waarmee ons al die jare moes saamleef.

5. Die kernvraag waarmee 'n nuwe toekomsbeeld van Suid-Afrika moet worstel is : <u>HOE KAN WEGBEWEEG WORD VAN EEN VORM VAN RASSE-DOMINASIE SONDER OM DIT MET 'n ANDER TE VERVANG EN SONDER DAT DIE OORGANG SELF VERVAL IN ANARGIE EN CHAOS</u> ? Daar is min samelewings wat voor so 'n geweldige uitdaging staan en ek kan my kwalik voorstel waar 'n jeug van 'n land met 'n groter verantwoordelikheid vir die toekoms belas is.

<u>TWEE ANTWOORDE : BELEG OF ONDERHANDELING</u>

1. <u>DIE NEGATIEWE ANTWOORD</u> op hierdie vraag is :

(a) Dit is onmoontlik; ons moet ons voorberei vir 'n <u>STAAT VAN BELEG</u> - 'n garnisoen staat. Al wat van belang is, is ons weerbaarheid teen "Die Totale Aanslag".

(b) Die handhawing van stabiliteit, van orde is belangriker as die doelstelling van hervorming. Daar word gepraat van "die vyand", "sameswerings" en "oorlewing".

(c) Die tekens van beleg is om en met ons.

2. DIE POSITIEWE ANTWOORD op hierdie vraag is :

(a) ONDERHANDELING OF BEDINGING. Daar is geen finale bloudruk nie - geen eensydige formule of plan nie.

(b) Hervorming bly die belangrikste doelwit en die handhawing van stabiliteit moet altyd diensbaar wees aan daardie doelwit.

(c) Die toets vir geslaagde hervorming is nie mooi woorde of vroom beloftes nie maar die graad van samewerking wat daar in die samelewing bestaan.

TWEE KÊRNVRAE OOR ONDERHANDELING : HOE ? EN MET WIE ?

1. HOE ?

(a) Dit is 'n wederkerige proses. Dit is nie net konsultasie of oorreding nie maar veral gee-en-neem-kompromie.

(b) ʼn VERKLARING VAN VOORNEME ONMISBAAR

(i) Hoe dit tot stand kom nie so belangrik as dat dit wel tot stand kom.

(ii) Verskaf gemeenskaplike vertrekpunte.

(iii) Regverdig deelname vir ondersteuners.

(iv) Verklaar wedersydse goedertrou.

(c) DIE KARDINALE PUNTE VAN SO ʼn VERKLARING

(i) Een Grondwet

(ii) Een Burgerskap

(iii) Gemeenskaplike deelname sonder diskriminasie en dominasie.

(d) KLIMAATSKEPPING VIR ONDERHANDELING

(i) Die verwydering van wrywing bv. Instromingsbeheer.

(ii) Die handhawing van wet en orde. Die veiligheidsmagte moet so optree dat hervormingsdoelstellings versterk en nie weerspreek word nie.

(iii) As die indruk moet posvat by diegene wat tot onderhandeling oorreed moet word, dat dit vir die veiligheidsmagte meer gaan om die probleme van beleg die hoof te bied as om die doelstellings van hervorming na te streef, kan onderhandelingspolitiek nie slaag nie.

(iv) Dit is die verantwoordelikheid van die regering om twyfel oor die doelstellings van hervorming uit die wes te ruim. Die regering het die onvermydellike verantwoordelikheid om 'n antwoord te verskaf op die vraag : "Waarheen is ons op pad". Sover skep hulle antwoord meer verwarring as helderheid.

2. MET WIE ?

(a) Dit is 'n futiele speletjie om te argumenteer of Mandela belangriker as Buthelezi is of andersom. Moet die ANC, UDF, INKATHA, AZAPO, Swart Vakbonde geken word al dan nie, ens.

(b) Omstandighede moet geskep word waarin dit duidelik is dat dit enige vorm van terreur en geweld toenemend verwerpelik is teen die geleenthede vir vreedsame onderhandeling wat geskep is. Daarom is 'n Verklaring van Voorneme en klimaatskepping van so kardinale belang.

(c) As sodanige omstandighede bestaan moet die regering dit onomwonde stel dat hy bereid is om met enige een te onderhandel wat bereid is om vreedsaam te beding. Diegene wat dan sou weier sal verdoem staan deur hulle eie onredelikheid en halstarrigheid.

(d) Daarom is die onvoorwaardelike vrylating van iemand soos Nelson Mandela noodsaaklik in die proses van onderhandeling - nie as 'n teken van swakheid of oorgawe nie, maar om die verantwoordelikheid van onderhandelingspolitiek ook onbevange op sy en ander soos hy se skouers te plaas.

(e) Dit help nie vir 'n regering om 'n lys op te trek van diegene met wie hy sal onderhandel of nie - die sg. "Goetes" en "Slegtes" nie. Dit moet duidelik gemaak word dat alle betekenisvolle belangegroepe vry is om deel te neem en dat diegene wat onder die mees optimum omstandighede NIE bereid is daartoe nie, die gevolge daarvan sal moet dra.

WAARBORGE VIR MINDERHEDE ?

1. Vooraf moet 'n paar punte uitgeklaar word :
   - (a) Beskerming van minderhede - rassebevoorregting
   - (b) Beskerming van minderhede - handhawing van 'n onveranderde lewenspeil nie.
   - (c) Daar kan nie magsdeling en dominasie wees nie.

2. Daar moet onderskei word tussen waarborge wat ontstaan uit die aard van die POLITIEKE PROSES self en waarborge wat verskans is in die Grondwet. M.a.w. PROSES en GRONDWETLIKE waarborge.

3. PROSES WAARBORGE

(a) Die wyse waardeur 'n Grondwet tot stand kom, kan in sigself 'n waarborg vir minderhede wees.

(b) Die strategiese en realpolitieke werklikheid van 'n besondere groep self.

4. GRONDWETLIKE WAARBORGE :

(a) Skeiding en devolusie van mag.

(b) Proporsionele verteenwoordiging

(c) Onafhanklike regsbank met toetsingsreg.

(d) Verskansde Grondwet

(e) Handves van menseregte

(f) Konsensus/Veto besluitneming.

5. DIE GROOT GEVAAR : VERWARRING VAN 'n PROSESWAARBORG MET 'n GRONDWETLIKE EEN

(a) Niks is 'n groter bedreiging vir die reg en beskerming van minderhede as poging om rasse en etniese groepe te verskans in 'n nuwe grondwetlike bedeling.

(b) Dit is een van die fundamentele tekortkominge van die owerheid se staatsregtelike hervormings - beide in die drie kamer parlement asook in die jongste staatsregtelike inisiatiewe tussen swart en wit.

430.03.2.1



(c) As rasse en etniese groepe soos deur die regering gedefinieer in 'n wet, die boustene moet vorm van 'n nuwe grondwetlike bedeling vir Suid-Afrika, sal 'n toekomsbeeld van beleg en konflik 'n werklikheid word.

(d) Die idee van wetlik verpligte groeplid maatskap, hetsy vir maatskaplike, ekonomiese of politieke doeleindes was 'n essensiële bestanddeel van die ou uitgediende amptelike toekomsbeeld van die verlede. Dit was ook volgens die RGN Verslag die bron van konflik in Suid-Afrika. Die Verslag sê juis dat ons heil lê in die aftakeling van sulke strukture en nie in die verskansing daarvan nie.

DIE ROL VAN DIE JEUG

1. Die Afrikanerjeug is 'n absoluut noodsaaklike bestanddeel vir suksesvolle onderhandelingspolitiek.

2. Hulle sal moet meehelp in die skep van 'n nuwe toekomsbeeld wat kan :-

   Inspireer
   Geweld besweer, en die
   wonde van die verlede genees.

3. Die Afrikanerjeug sal kommunikasie brûe moet bou waaroor swart en wit kan beweeg ten einde 'n gemeenskaplike toekoms beeld te verken en te bou.